Toets tuis vir seks-siektes

SAPA
Donderdag 12 Junie 2014

’n Nuwe toets vir chlamydia en gonorrhoea, wat aanlyn bestel kan word, is in Suid-Afrika bekendgestel. Die self-toets is ’n revolusionêre stap in Suid-Afrika se gesondheidsdienste wat aan jong mense die geleentheid bied om hul vir hierdie algemene seksueel-oordraagbare siektes te toets.

Volgens, UDoTest, die maatskappy wat die toets vervaardig, is die impak van “sielkundige struikelblokke soos skaamte en diskriminasie die rede hoekom baie jong mense nie mediese behandeling gaan soek nie. Dié toets gee aan jeugdiges die mag om hul eie toetse te bestel en te gebruik.”

Die proses sluit in laboratoriumtoetse en diagnose deur dokters. “Die gebruiker doen die toets tuis. Na ’n paar dae kry ons die uitslag deur ons veilige aanlyn profiel, en gee raad oor wat die persoon moet doen. Indien die resultate positief is moet hy of sy ’n dokter gaan spreek en indien dit negatief is kry die persoon gemoedsrus.”

Die koste - R699 – word deur meeste mediese fondse gedek.